

Maandelikse gemeentebrief Oktober 2017

Toe C Louis Leipoldt aan Oktober gedink het, het hy sommer in vervoering geraak.
Hy skryf...

Violtjies in die voorhuis – Violtjies blou en rooi!
Violtjies orals op die veld, En orals, ai, so mooi!
Dit is die maand Oktober, die mooiste, mooiste maand!

Ons kan met hom saamstem; die pronkertjies, petrias en die “Yesterday, Today and Tomorrow” se kleure en geure lê die tuine vol.

Ons vorige kollega Hansie Breedts het ons altyd gewaarsku teen die “ber”-maande, Oktober, November, want dan “ber” ons om alles klaar te kry voor Kersfees en dit gaan dol. Die besig wees is ook ’n besig wees om die Here se koninkryk uit te bou. Dankie vir elkeen se positiewe deelname en terugvoer oor julle belewenis in die gemeente. Ons waardeer dit baie.

Hierdie Oktober is dit ook so, en hier is ’n paar hoogtepunte. Daar is so baie lidmate wat Weltevreden se leuse: *Lewe vir die stad* uitleef. Hulle is by die eredienste, basaar, kategeese en die baie projekte en uitreike betrokke. Ons hou op 18 Oktober ’n Dankie-sê-funksie saam met hulle om die Here te eer en vir almal persoonlik dankie te sê.

Op 22 Oktober blom en groei die gemeente verder met 30 jongmense wat belydenis van hul geloof aflê. Dit is die hoogtepunt van jare

se voorbereiding, waar die ouers en die kerk saamgewerk het om jongmense se geloof te vorm en hulle toe te rus vir die uitdagings van die toekoms. Baie geluk aan elkeen van julle en jul ouers.

Dan vier ons ook ’n GROOT verjaardag. Op 29 Oktober vier ons saam met Protestantse Kerke wêreldwyd die 500ste herdenking van die Hervorming wat deur Martin Luther begin is. Die koor van Hoërskool Linden tree die oggend by ons op en ons vier ons “Gereformeerde Wees”; die wonder daarvan dat ons
Solo Christo: Slegs deur Christus gered word
Sola Gratia: Alleen deur Genade
Sola Fide: Alleen deur geloof
Sola Scriptura: Alleen deur die Skrif
Soli Deo Gloria: Alleen tot God se Eer.

Dié groot verjaardag lei tot ons gemeente se verjaarsdag op 5 November. Ons is vanjaar 35 jaar oud en ons kerkgebou is 32 jaar gelede op die eerste Sondag in November ingewy. Daarom vier ons ook Oktober as ons Tiende-maand, dankie-sê-maand. Nie elkeen van ons kan elke maand ’n Tiende gee nie, maar kan ons dit een maand doen?

Ons het so baie om voor dankie te sê; vir wat ons reeds ontvang het en vir dit waarvan ons deel is. Kom ons vereer die Here met ons gawes, tyd en geld.

Aan God alleen die Eer.
Kobus Sandenbergh